Oordenking
29 Junie 2009

Hoekom wag God so lank?

Hoekom dink jy wag God soms voordat Hy ons gebede beantwoord en laat Hy ons te midde van die storms van die lewe wag? Waarom wag Hy soms totdat daar menslik gesproke geen hoop of uitkoms meer moontlik is nie?
Die Bybel sê nie regtig waarom nie, maar ons weet God se tydsberekening is volmaak. Hy wag vir die regte tyd, wanneer ons geleer het waarvoor Hy ons wou opvoed en ons nader aan Hom gegroei het en gereed gemaak is vir ons plek en rol in sy Liggaam.

Ons sien dit by die Israeliete in Egipte. Waarom het God 300 jaar gewag voordat Hy hulle uit Egipte bevry het? Hy het gewag totdat hulle besef het dat God hulle enigste hoop was.

Deut 8:2-3 en 5 verduidelik dit in detail: *"Jy moet onthou hoe die Here jou God jou nou veertig jaar lank in die woestyn gelei het. Hy het dit gedoen om jou nederig te laat word en om jou op die proef te stel sodat Hy kan weet wat jy dink en of jy sy gebooie sal gehoorsaam of nie. Hy het jou laat swaarkry, laat honger ly en toe met manna gevoed, iets waarmee nóg jy nóg jou voorvaders bekend was. Hy het dit gedoen* ***om jou te leer*** ***dat 'n mens nie net van brood leef nie, maar dat hy leef van elke woord wat uit die mond van God kom****. Jy moet diep in jou hart weet: soos 'n man dissipline by sy seun kweek, so het die Here jou God vir jou dissipline geleer.*

Die direkte roete tussen Egipte en Palestina is 11 dae te voet. Maar God het hulle op ‘n pad geneem wat 40 jaar geduur het.

God wag vir die regte tyd, want God leer ons wat nederigheid en dissipline is en hoedat ons oor Hom moet dink. Hy vorm ons meer en meer volgens sy beeld. **Hy leer ons dat ‘n mens nie van brood alleen lewe nie, maar van elke Woord wat kom van die mond van die Here!**

Was jy gister by die Kerk om gevoed te word met die woorde uit die mond van die Here?
Het jy al vandag tyd gemaak vir stiltetyd, om gevoed te word met die woorde van God?

Mag jy geseënd wees wanneer jy die waarde leer van lewegewende en lewensveranderende tyd saam met God, beide in jou stiltetyd en saam met die Kerk van die Here!!